higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: **Antwoordboek, wit A4 tikpapier.**
Sakrekenaars, tekeninstrumente, gom en
ń swart fynomlynpen mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 4 addenda

113Q1B2214

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke vraag op ń nuwe bladsy.

6. Gebruik slegs ń blou of swart pen.

7 Skryf netjies en leesbaar.

8.. Plak alle los papiere in jou antwoordboek.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die knipinstruksies op ń patroon word geïdentifiseer deur die … op die patroondeel.

A patroonstuk
B draadrigting
C kledingstuk naam (‘garment name’)
D stylnommer

1.1.2 Die buitekantste beennaat van ń broek word gemeet van die … af.

A middel aan die buitekant van die been
B heuplyn aan die buitekant van die been
C middel aan die binnekant van die been
D middellyf aan die voorkant van die figuur.

1.1.3 Paslyne is dieselfde as … lyne.

A vou
B soliede
C stik
D knip/sny

1.1.4 Keepmerke (‘notches’) word aangebring op …

A slegs styllyne
B alle nate.
C slegs vertikale nate.
D soomlyne.

1.1.5 Vir die ontwerp van die passende baadjieblok, word die … blok gebruik.

A lyfie (‘bodice’)
B rok (‘dress’)
C baadjie
D hemp

1.1.6 Die gulp in ń damesbroek maak … toe.

A links oor regs
B regs oor links
C op die middel voor
D soos verkies

1.1.7 Om ń omgekeerde stolpplooi ('inverted pleat') in ń patroon in te reken, word …die diepte van die plooi toegelaat.

A een keer
B twee keer
C drie keer
D vier keer

1.1.8 Die agterste en voorste lyfieblokke word nie vereis met die konstruksie van die … kraag nie.

A matroos
B hemps
C Peter Pan
D sjaal

1.1.9 Om die armholte en neklyn af te rond is ń … belegsel geskik.

A hals
B armholte
C voorste
D gekombineerde

1.1.10 Paspunte ('pitch points') word gemerk op die …

A halslyn.
B middellyflyn.
C armholte.
D skouer.

1.1.11 Die … is die deel van die kraag wat op die halslyn rus.

A band ('stand')
B omslag ('fall')
C lapel
D vou ('fold')

1.1.12 Tussenbelegsel word gebruik om die kledingstuk te… waar die knoopsgat gemaak gaan word.

A heg ('attach')
B ontwerp ('design-)
C versterk
D versier

1.1.13 Stylanalise is die vermoë om …

A ń patroon te ontwerp.
B ń modeskets te lees.
C ń modeskets te teken.
D ń patroonblok te trek.

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Vir die ontwerp van ń dames-onderbaadjie word die …blok as basis gebruik.

A lyfie (‘bodice’)
B bloes
C baadjie
D rok

1.1.15 ń Patroon met naattoelatings en volledige benoeming word ń … patroon genoem.

A werkende
B basies
C rowwe (‘rough’)
D finale

(15 × 1) (15)

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Dubbelbors	A	ń patroondeel wat oor die heupe pas
1.2.2	Tussenbelegsel	B	ń gevormde insetsel wat uitklok (‘flare’) verleen aan die soomlyn
1.2.3	Raglanmou	C	ń gids om nate aanmekaar te werk
1.2.4	Keepmerke (notches’)	D	die vurk wat vorm tussen die binnebeennate
1.2.5	Asimmetries	E	hierdie mou vorm deel van die halslyn
1.2.6	Paslyn	F	opening voor wat vêr genoeg oorvleuel om twee rye knope te kan akkommodeer
1.2.7	Mouboordjie	G	ń laag materiaal wat aan ń belegsel geheg word
1.2.8	Heupstuk	H	styllyn net aan een kant
1.2.9	Kruis (‘crotch’)	I	stiklyn
1.2.10	Klokstuk (‘godet’)	J	ń patroondeel wat die rand van ń mou netjies afrond
		K	die einde van ń kniplyn

(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Tussenbelegsel is ń laag materiaal geheg aan ń voering om dit te versterk.

2.2 ń Matrooskraag is ń voorbeeld van ń staankraag.

2.3 Halvering ('bisecting') is om ń reghoekige hoek in twee gelyke dele te verdeel.

2.4 ń Raglanmou word in die oorspronklike mousgat vasgestik.

2.5 Die tweestukmou verleen ń meer formele voorkoms aan baadjies.

2.6 Kruisafmeting ('body rise') is ń noodsaaklike mate wanneer ń damesbroek blok opgetrek word.

2.7 Mesplooie is twee plooie wat in teenoorgestelde rigtings wys.

2.8 Rygsteke is nie gepas om volheid weg te werk nie.

2.9 Simmetrie is wanneer die twee kante van ń kledingstuk verskil.

2.10 ń Klokstuk is ń driehoekige insetsel wat ń soomlyn laat uitklok.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE voorbeelde van omvangsmates ('girth measurements') wat rondom die vroulike figuur geneem kan word. (3)

3.2 Gee TWEE belangrike mates wat nodig is om ń dames basiese blok op te trek. (2)

3.3 Verduidelik kortliks hoe die volgende mates geneem word op ń vroulike figuur. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 Buitebeen ('outside leg')

3.3.2 Rugbreedte ('across back')

3.3.3 Agterarm ('hind arm')

3.3.4 Heuphoogte ('hip depth')

3.3.5 Kruisafmetings ('body rise')

(5 × 2) (10)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Trek die DAMES BASIESE SWEETPAKBROEK BLOK, GROOTTE 13, op in VYFDE skaal. Plak dit in jou ANTWOORDBOEK.

MATES EN INSTRUKSIES:

- Middelafmeting (‘waist measurement’) = 71 cm
- Sitvlakmeting (‘seat measurement’) = 97 cm
- Kruisdiepte (‘rise height’) = 28 cm
- Onderkante (‘bottoms’) = 46 cm
- Binnebeenlengte (‘Inside leg length’) = 76.5 cm

In die middel van ń papier, trek ń vertikale lyn 50cm van die bokant van die papier af.
Trek ń loodregte lyn dwars na links en regs en merk punt 0 by die hoek.

0 - 1 Kruisdiepte (‘rise height’) (28 cm) opwaarts gemeet op die vertikale lyn. Trek ń loodregte lyn na weerskante.

0 - 2 Binnebeenlengte (‘inside leg length’) (76.5 cm) afwaarts gemeet. Trek ń loodregte lyn na weerskante.

0 - 3 Helfte van die binnebeenlengte minus 4 cm (34.2 cm) ondertoe. Trek ń loodregte lyn na weerskante

0 - 4 $^{1}/_{6}$ (Sesde) skaal (8 cm) na links.

``

4 - 5 2 cm na links.

5 - 6 $^{1}/_{12}$ (Een twaalfde) skaal plus 1.2 cm (5.24 cm) na links.

0 - 7 ⅓ (Een derde) skaal (16.1 cm) na regs.
Trek ń loodregte lyn van 5 af opwaarts, en uitwaarts vanaf 1 na links, om punt 8 te kry met die hoek van die lyn vanaf 1.

8 – 9 ¼ (ń Kwart) middellyf plus 5 cm (22.75 cm). Verleng hierdie lyn met ń stippellyn.

2 - 10 ¼ (ń Kwart) van die onderkant (11.5 cm) na links.

2 - 11 ¼ (ń Kwart) van die onderkant (11.5 cm) na regs.

Kopiereg voorbehou

12 Middelpunt van 5 na 6.
Verbind 12 met 10 met ń stippellyn en merk 13 op die knielyn.
Trek ń ronding van 6 tot 13 en reguit ondertoe na 10.
Verbind 7 met 11 met ń stippellyn en merk 14 op die knielyn.

14 – 15 1.2 cm na links. Trek die synaat met ń ronding van 9 tot 7 en af deur 15 na 11. Trek 4 cm boontoe aan by 8 en 9 (voorste middellyf) vir die rek-omhulsel.

12 - 16 Dieselfde afstand as 5 tot 6 opwaarts gemeet.

4 - 17 ⅓ (Een derde) skaal plus 3,5 cm (19,6 cm) loodreg opwaarts gemeet. Trek ń stippellyn vir die sitvlakhoek (‘seat angle’) van 6 tot 17, opwaarts na 18, wat 4 cm bokant die middellyf val.

5 - 19 ¼ (Kwart) skaal minus 6 mm (11.5 cm) na links.

19 - 20 1.2 cm loodreg ondertoe gemeet.
Trek ń ronding vir die sitvlaklyn van 20, deur 6 na 16 en 17.

13 - 21 2 cm na links.

10 - 22 1 cm na links. Trek die binnebeennaat met ń ronding van 20 na 21 en reguit ondertoe na 22.

11 - 23 1 cm na regs.

14 - 24 1 cm na regs.

7 - 25 3 cm na regs.

18 - 26 ¼ (ń Kwart) van die middellyf plus 5 cm (22,75 cm) op die lyn wat uit 9 loop.
Trek ń effense ronding van 18 na 26 (middellyf agter).
Las 4 cm opwaarts aan van 18 en 26 af vir die rekomhulsel.
Trek die synaat met ń ronding van 26 na 25 en afwaarts na 24 en 23.
Benoem die blok en teken die draadrigting in.

(35)

4.2 Gebruik die LYFIE-BLOK VOOR, GROOTTE 13, op ADDENDUM A (aangeheg) en gee slegs die werkende patrone vir die volgende manipulasies van pylante in, op VYFDE SKAAL. Plak dit in jou ANTWOORDBOEK.

4.2.1 Middelvoor middellyfpylnaat

4.2.2 Middelvoor pylnaat

4.2.3 Middelvoor nekpylnaat

(5 × 3) (15)
[50]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die skets hier onder van ń damesbloes en doen die onderstaande manipulasies in VYFDE skaal. Gebruik die DAMESBLOES BLOK VOOR, GROOTTE 13, op ADDENDUM B (aangeheg). Plak dit in jou ANTWOORDBOEK.

5.1.1 Beplanning van die bloes voor. (25)

5.1.2 Finale patroon van die gekombineerde belegsel. (10)



INSTRUKSIES:

A	Voorste nek skouerpunt.
B	Voorste skouer armsgatpunt.
A – A1	Meet 3 cm na links op die skouerlyn.
B – B1	Meet 2 cm na regs op die skouerlyn.
C	Laat sak die armsgat by die synaat met 1 cm.
C1	Maak die synaat wyer by die armsgat met 1 cm.
	Verbind C1, C en B1 met ń ronding vir die nuwe armsgat.
D	Middelvoorhalslyn
D - E	Meet 5 cm ondertoe op die middelvoorlyn.
	Verbind E en A1 met ń ronding vir die nuwe halslyn
D – F	Meet 50 cm op die middelvoor lyn vir die bloeslengte.
	Trek ń loodregtelyn van F na links en merk G op die synaat.
H	Maak die soom 1 cm wyer by die synaat.
	Verbind H en C1 vir die nuwe synaat.
	Voltooi ń gekombineerde belegsel van 5cm by die synaat en 5 cm op die middelvoorlyn. Voeg naattoelatings van 1 cm by
	Benoem die patroon en trek die draadrigting in.

5.2 Bestudeer die patroon van ń DAMESBROEK VOORPANT hier onder, GROOTTE 13, op VYFDE SKAAL en handig die volgende patrone in:

5.2.1 Finale patroon van die sakbelegsel. (8)

5.2.2 Finale patroon van die gulp zipbelegsel. (7)



Voeg naattoelatings van 1cm by.

[50]

VRAAG 6

6.1 Ontwerp die basiese oorgrootte baadjieblok vir dames, voor en agter, GROOTTE 13, op VYFDE skaal. Gebruik die BASIESE ROKBLOK VOOR EN AGTER, in ADDENDUM C (aangeheg).Plak dit in jou ANTWOORDBOEK.

INSTRUKSIES:

- Verleng die voor- en agterste skouerwydte met 2 cm.
- Laat sak die voor- en agterste armholte/mousgat (‘scye’) met 4 cm.
- Verleng die voor- en agterste armholte/mousgat (‘scye’) met 3 cm.
- Trek die nuwe voorste armholte/mousgat
- Trek die nuwe agterste armholte/mousgat
- Baadjie voorpant se lengte gemeet van middelvoor nek is 70 cm.
- Trek ń loodregte lyn dwars tot by die synaat vir die baadjie se soomlyn voor.
- Maak die agterste synaat dieselfde lengte as die voorpant-synaat.
- Verleng die voor- en agterste synaat-soomlyn met 3 cm.
- Trek ń nuwe voor- en agterste synaat.
- Benoem die patroon en ignoreer die pylnate.
- Teken die draadrigting in.

(20)

6.2 Bestudeer die skets hier onder van ń damesrok, GROOTTE 13, en doen die manipulasies op VYFDE SKAAL. Gebruik die ROKBLOK VOORPANT op ADDENDUM D (aangeheg).
Plak dit in jou ANTWOORDBOEK.

6.2.1 Beplanning van die rok voorpant en belegsel. (15)

6.2.2 Beplanning van die mou. (7)

6.2.3 Finale patroon van die belegsel. (8)

Kopiereg voorbehou



INSTRUKSIES:

- Laat sak die middelvoor halslyn met 3 cm.
- Meet 2 cm binnetoe van die skouernekpunt af.
- Trek ń nuwe halslyn.
- Laat sak die armholte/mousgat op die synaat met 1.5 cm.
- Teken die nuwe armholte/mousgat in.
- Roklengte, 55 cm meet afwaarts van die middelvoor middellyflyn af.
- Maak die soomlyn 1 cm wyer by die synaat.
- Trek die nuwe rok-synaat.
- Voltooi die rokbelegsel, wydte van 5 cm by die skouerlyn en die middelvoorlyn.
- Moulengte is 15 cm, gemeet van die moukop af afwaarts.
- Vat die mou 1,5 cm in by die soomlyn van die mounaat.
- Naattoelating 1 cm
- Benoem die patroon en teken die draadrigting in.

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A
VRAAG 4.2



Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B
VRAAG 5



ADDENDUM C
VRAAG 6.1





ADDENDUM D
VRAAG 6.2



Kopiereg voorbehou